**SONDAGOGGEND 11 Julie 2021**
**Die Samaritaanse Vrou – Lewende Water**

**Johannes 4:1-6**

Die Fariseërs het baie ongemaklik geraak met Jesus se lering en daarom besluit Hy om eerder na Galilea toe te gaan. Hy kies om deur Samaria te reis.
Normaalweg het die Jode nie verkies om deur Samaria te reis nie.
In 975voor Christus, net na koning Salomo se dood het die volk in twee verdeel. Jerobeam een van Salomo se vertrouelinge word tot koning van Israel verklaar. Hulle het Sigem, in Samaria, hulle hoofstad gemaak.
By Bet-el en Dan twee goue kalwers laat maak en ook daar tempels gebou
Rehabeam die regmatige koning het met net die twee stamme Juda en Benjamin in Jerusalem gebly. Die volk wat oorgebly word Juda genoem – Jode genoem.

Al die konings van Israel, in Samaria was ongehoorsaam aan God. Toe die Assiriërs, en later die Egiptenare en nog later die koning van Babel die land oorneem, het baie van die 10 stamme het uit Samaria gevlug, "the lost tribes of Israel."
Die Assiriërs het doelbewus Samaria kom bewoon en het met die oorblywende Jode ondertrou. Hulle het 'n eie weergawe van Judaïsme ontwikkel.
Hulle glo net in eerste 5 boeke van die Bybel en het op die berg Gerizim aanbid.
Die Jode het Samaritane as onrein beskou en dat jy nie naby hulle mag kom nie.

Jesus reis deur Samaria en by Sigar, waar Jakob eeue terug 'n put gegrawe het, rus hulle.
Jesus volledig mens soos ek en jy, is moeg en dors. Hy sit daar en wag vir sy dissipels wat die dorp ingegaan het om kos te gaan kom.

**Johannes 4:7-9 en Johannes 4:10-14**

Lewende water

- Geskenk van God - Johannes 4:10a
- Dit is lewende water - Johannes 4:10b – Vra vir Lewende Water. Dan gee God lewende water.
- As jy drink sal jy nooit weer dors kry nie - Johannes 4:14a - God is die antwoord. Hy gee die lewende water, wat die "Godshaped Vacuum" in jou binneste kan vul.
- Die water wat God gee word 'n fontein - Johannes 4:14b - Die water wat God gee is Sy Gees, die helper. - Johannes 7:37-39
- God se water gee ewige lewe - Johannes 4:14b - Om die lewende water van God te ontvang beteken dat jy jou rug op die wêreld en sonde moet draai.
  Ons kan nie een voet in die kerk en een voet in die wêreld leef nie. Dis hoe hierdie vrou geleef het.
  Sy het 5 mans gehad en bly nou sommer net by 'n man, tog wil sy so graag ook God aanbid op die regte manier en op die regte plek.

"Sex, money and power," dalk vir 'n kort rukkie ons dors les..

As jy oorgegee het aan Jesus se lewende water, wat ewige lewe gee, sal die dinge van die wêreld al hoe meer onbevredigend word. Dit kan jou nie troos in hartseer of pyn nie. Dit neem vir ’n kort tydjie jou “worries” weg.
Maar God, is die God van Verlossing, Vreugde en Vrede.

Die vrou weet Jesus is ’n profeet, al wat sy nou kan doen is vra. Jesus weet alles van haar. Die vrou is oortuig dat Jesus is die Messias, die Christus.
Ons moet opnuut soos daardie vrou uit te tree uit haar halfhartige aanbidding van God tot in volle oorgawe.

**Johannes 4:21-26**
**Ware aanbidders**

**Johannes 4:23**

Wat impliseer Jesus as Hy praat van ware aanbidders? Dat daar nie ware aanbidders is wat ook vir God aanbid.
Daar is en sal altyd mense wees wat God op hulle manier wil aanbid. Dalk hulle dogma of soos hulle ouers dit gedoen het.

Aanbidding is die manier hoe jy sing of lofprysing en aanbidding doen nie.
Dit is met watter gesindheid in jou hart jy oor God dink en met Hom omgaan.
In gehoorsaamheid, eerbied en respek, ’n heilige, aanvaarbare lewe voor Hom te leef. Of op jou eie manier.

**Hoe lyk die aanbidding van ware aanbidders dan?**

**Gees en in waarheid**

Aanbidding in die Gees beteken nie om in een of ander vervoering te wees nie.
- Dit beteken om die Heilige Gees toe te laat om elke stukkie sonde en ongeregtigheid in ons lewe uit te werk.
- Beteken ernstig wees om God beter te leer ken.
- Beteken om meer gehoorsaam aan God en Sy Woord te wees.

Jesus sê hulle wat dors na lewende water en daarna vra sal nie net lewende geestelike water, die Heilige Gees kry nie, maar hulle sal ook God in Gees en in waarheid aanbid, die ware/egte aanbidders.
**Ware**
***Alethinos***
*that which has not only the name and resemblance, but the real nature corresponding to the name, in every respect corresponding to the idea signified by the name, real, true genuine*

As jy die naam dra van kind van God, moet jy in elke opsig ooreenstem met die naam van Christen. Christen is nie ’n versamelnaam van ’n klompie gelowe wat ietsie van Christus glo nie. Dis alles of niks. Christen moet wys dat jy Christus in Gees en in Waarheid aanbid. Dit sal duidelik vir die wêreld wees.

Die gevaar is dat ons 'n woerts-warts aanbiddingsverhouding met God kan hê. Soos hierdie vrou, in die wêreld en 'n soeke na God.

- Die gevaar is dat ons God kan aanbid vanuit die vlees. Dit kan baie maklik wees dat ek God aanbid, want dit laat my goed voel.
- Die gevaar is dat ek God kan aanbid wat dit is die regte ding om te doen.
- Die gevaar is dat ek God kan aanbid soos wat ek voel en dink dit moet wees.
- Die gevaar is dat ek kan dink as my gemoed baie vol is en ek diep ontroer is ek besig is met ware aanbidding.

God sê ek soek veel meer. God is Gees, en daarom gee Hy ons Sy Heilige Gees om ware aanbidding moontlik te maak. Jesus sê dat God soek 'n intieme aanbiddingsverhouding en dit moet plaasvind in Gees en in waarheid-Sy Woord.

Daarom is een van die mees belangrikste dinge wat moet sterf is die vlees.

**Romeine 8:13-16**

Om waarlik vir God in Gees en in Waarheid te kan aanbid, moet jy en ek die sondige natuur onder beheer van die Gees plaas en dan sal ons lewe. En dis hy die Heilige Gees wat ons Help, die Gees van die Waarheid, wat ons gedrag moet bepaal.

En dan maak die plek nie saak nie, maar meer jou ingesteldheid. Jy kan God on der 'n boom, langs die see, in 'n katedraal, in jou bed, op jou stoep, in 'n kerk, aanbid, jou gesindheid is wat tel.

Jesus sê nie een van die Jode of die Samaritaanse aanbiddingsplekke sal bly staan nie. In 70nC is die tempel verwoes om nooit weer herbou te word nie, en in 117nC is die Samaritaanse aanbiddingplekke met die grond gelyk gemaak.

**Waar is die tempel van God nou?**

**1 Korintiërs 3:16**

**Hoekom aanbid jy God?**

Uit vrees, uit gewoonte, want dis die regte ding om te doen, my ouers het my so geleer, ek het so groot geword.

Waarom en hoe aanbid jy God? - Leer om vir God te aanbid net omdat Hy God is. Hy verdien ons gehoorsaamheid en toewyding.

**Johannes 4:25-26**

**"Ek wat met jou praat IS."** Jaweh beteken "Ek IS." Aanbid van Moses se tyd af.
Die mensgeworde God van die Bybel wat voor hierdie vrou staan.
Almal is gelyk hulle het Jesus se redding nodig en as hulle dit aanvaar, is hulle ook almal voor God gelyk, Sy kinders.

Sy was die eerste sendelinge onder die Samaritane. Later stuur Jesus hulle as Sy getuies in Jerusalem, Judea en Samaria.

**Johannes 4:28-29**

Sy kon nie stil bly nie strome van lewende water het uit haar binneste gevloei.

**Johannes 4:39-42**

Nikodemus was 'n Skrifgeleerde, Fariseërs en deel van die Joodse Raad. – Vir hom sê Jesus mense het wedergeboorte nodig. God die wêreld so lief het, dat Hy Sy enigste Seun Jesus as offer vir die sonde van die wêreld gegee het, en dat die wat in Hom glo nooit ooit verlore sal gaan nie.

Jesus praat met 'n Samaritaanse vrou. Jode praat nie met Samaritane nie en nog minder met 'n vrou. Geen getuienis van 'n vrou word aanvaar nie.
Sy is 'n vrou met 'n reputasie. 'n Soekende gelowige vrou, wat dors na die ware en Jesus se reaksie is.

Jesus het belowe. Hulle wat vra, sal die lewende water kry en dan sal hulle Hom as ware aanbidders in Gees en Waarheid aanbid, enige plek. Altyd!

Het jy al gevra? Nog nie? Vra sommer nou.